NOVEMBER / DESEMBER 2017

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

Geroep om te Dien

## DIE GODE WAS STIL
### - DEEL 1

Dr. Kiichi Ariga is in Junie 1933 gebore. Sy ouers was diep gelowiges. "As 'n klein babatjie het my ouers my na die Sjintoaltaar geneem waar ek ingeseën is," het Kiichi gedeel. "Hulle het 'n ***omamori*** ('n gelukbringer) by die altaar gekoop wat hulle aan my gordel vasgemaak het.

Terwyl ek ouer geword het, het ek met die gelukbringer onder my kussing geslaap, met die geloof dat dit my sal help om beter resultate in die skool te behaal. Die gelukbringer wat my ouers jaarliks by die tempel gekoop het, het my ook beskerm teen diefstal, vuur en siekte. Ek het gevoel dat die gode my sou beskerm, selfs al sou die ander leerders sterf in 'n aardbewing.


*Dr. Kiichi Ariga*

Bygelowigheid het by my gespook. Ek het nog nooit gehoor van die ware God of die kruis van Golgota nie. Ek is geleer om elke oggend 'n kers aan te steek en rys en misosop aan die gode te offer. Ek het dieselfde goed ook aan Boeddha en my oorlede voorsate geoffer.

Toe ek twaalf geword het, het my ouers my aangemoedig om my geld te spaar en vir my 'n fiets te koop. Toe niemand dit kon sien nie, het ek van my spaargeld geneem om suikerklontjies te koop, na die bioskoop gegaan en speelgoed gekoop. Eendag het my moeder uitgevind dat my spaargeld omtrent gedaan was en het my toe daaroor gekonfronteer. Sy het my geglo toe ek vir haar gelieg het dat 'n stout kind in ons omgewing geblameer moet word vir die diefstal. Sy het ander ook van hierdie seun en sy slegte dade vertel.

My gewete het my begin pla en ek wou nie die gode se gramskap op die hals haal oor die leuen wat ek vertel het nie. Ek het dus een oggend 05:00 opgestaan en die erf by die Sjintoaltaar gaan skoon vee. Op hierdie manier het ek gevoel dat ek weer die guns van die gode sal terugkry.

Nadat ek klaar was, het ek gaan bid. Daar het ek my hoof gebuig en my hande geklap, maar het nie vrede in my hart gekry nie. ***Die gode was stil.***

Eendag het ek en 'n klasmaat na 'n Japannese stoeigeveg gaan kyk. Kort nadat ons by die huis gekom het, het hierdie 13-jarige vriend skielik siek geword met 'n hoë koors en is die volgende dag dood! My hart was baie seer, want hy was my beste vriend.

By sy begrafnis het ek hom in die kis gesien lê, aangetrek in 'n wit kimono. In sy regterhand was 'n lang stok, wat bedoel is om hom te help op sy lang reis na die Boeddhistiese hemel.

Ek het by myself gedink, 'Waarheen het my gegaan? Na die hemel of die hel?' Toe het ek gewonder, 'waar sal ek heen gaan as ek skielik sou doodgaan?'

Ek het gevoel dat ek hel toe sou gaan as gevolg van my sondige leuenhart. Daar het 'n donkerte en vrees oor my gekom oor hierdie besef.

Ek het pelgrimsreise na die altare onderneem, gemediteer en geluister na leringe van die priesters. 'n Sjintopriester het my selfs 'n spesiale seëning gegee deur 'n wit wolagtige kwas oor my te swaai om my te reinig, maar steeds het ek nie vrede gehad nie en ***die gode was stil.***

Baie het gedink ek is baie godsdienstig. Die skoolprinsipaal het selfs vir my 'n spesiale sertifikaat gegee ter ere van my getroue werk by die altaar. In werklikheid het ek probeer om die gode tevrede te stel en my te reinig van my sondes deur my goeie werke.

Na twee jaar se meditasie het ek na die priesters gegaan en hulle gevra om my 'n woord van erkenning te gee vir my toewyding. Tot my verbasing het hulle geantwoord: 'Jammer, jy sal eers die antwoord weet na jou dood.'

Ek kon dit nie glo nie! Ek wou nie doodgaan soos my vriend en nie weet waarheen ek gaan nie.

Ek het depressief begin raak en gevoel die enigste oplossing vir my is om selfmoord te pleeg. Ek het 'n afskeidsnota aan my ouers geskryf waarin ek gevra het dat hulle my moet vergewe, en ek het na die naaste spoorweglyn gegaan.

Ek het myself voor 'n aankomende trein gegooi, maar tot my grootste verbasing het dit oor my gegaan sonder dat ek beseer is! Ek het tussen die twee spore geval! Ek het heeltemal ontmoedig huis toe gegaan. Ek het tot die slotsom gekom dat selfs die god van die dood nie van my gehou het nie!

Ek het op Oujaarsaand na die Sjintoaltaar gegaan. Ek was seker dat die eerste gebed wat na middernag gebid gaan word, beantwoord sal word.

Toe ek so alleen in die donker eensame, verlate straat afstap, het iemand my op die skouer geklop. Ek was verbaas om 'n klasmaat van my te sien. 'Waar gaan jy heen?' het hy gevra. 'Na die altaar,' het ek geantwoord. 'Kom saam met my kerk toe,' het hy gesê. 'Nee, ek wil nie na 'n Christenkerk toe gaan nie,' het ek geantwoord. Maar hy het aangehou en my arm gedraai. Hy was die leier van ons debatsvereniging en was ook goed met judo, derhalwe het ek teensinnig ingestem.

Hy het my geneem na 'n byeenkoms wat gehou is in die huis van 'n arm kleremaker, mnr. Nakamura, wat die waarnemende pastoor was. Hy het vertel hoe swaar hy gekry het gedurende die oorlog en hoe 'n Amerikaanse bomwerper 'n bom op sy huis laat val het, wat sy vrou, sy enigste seun en twee van sy drie dogters laat sterf het. Hy het gesê dat dit nie werd sou gewees het om nog te bly leef as dit nie was vir God wat hom aangehou dra het nie.

Dit was 'n Oujaarsaandgebedsbyeenkoms. Die Christene het hardop begin bid. Dit was die eerste keer ooit wat ek in Christene se kerk ingegaan het. Ek het totaal vreemd gevoel.

Skielik het iemand, tot my verbasing, vir my op my naam begin bid. Toe het ander bygekom totdat die hele kerk vir my redding begin bid het.

Vir die eerste keer het ek die liefde van Jesus wat Hy vir my aan die kruis bewys het, verstaan, asook die wete dat ek al my sondes moet bely. Terwyl ek gehuil het, het mnr. Nakamura my aangemoedig om my sondes te bely. Met trane het ek Christus aangeneem as my Verlosser. Na die tyd het hy Matt. 9:2 aangehaal: ***My seun, wees gerus; jou sondes is vergewe.*** Ek was wedergebore deur God se Heilige Gees. Ek was 'n nuwe skepsel in Christus Jesus!

Ek het daardie nag glad nie by die Sjintoaltaar uitgekom nie. Ek het dit nie nodig gehad nie, want ek het die ware en lewende God ontmoet. Ek het gebid en Hy het geantwoord. ***God was nie stil nie!*** My hart was uiteindelik gevul met vrede waarna ek so lank gesoek het.

Nadat ek huis toe gegaan het, het ek teenoor my ouers getuig en vir my moeder verskoning gevra omdat ek vir haar oor die fietsgeld gelieg het.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal ’n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 16/8/2017, 21/8, 28/8, 30/8, 2/9, 16/9, 20/9, 21/9, 28/9, 3/10, 5/10, 11/10, 16/10, 20/10, 21/10, 30/10.**

**ABSA BANK:- 18/8, 26/8, 28/8 Bybels, 31/8, 1/9, 2/9 NLM, 6/9 Bela-Bela, 7/9 Moorreesburg, 8/9 Hartenbos Bybels, 8/9, 13/9, 16/9, 18/9, 21/9, 26/9, 28/9 Bybels, 1/10, 2/10 NLM, 2/10, 3/10 Modimolle, 4/10, 5/10 Bela-Bela, 9/10 Moorreesburg, 16/10, 17/10 Pine Crest, 17/10, 18/10, 18/10 Waverley, 24/10 Jeffreysbaai, 26/10, 28/10/2017 Bybels.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. ’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of ’n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

---


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***


Ses maande later is ek gevra om ’n Sondagskoolonderwyser te word. Na kerk het ek na dieselfde altaar gegaan waar ek altyd die erf gevee het en in die middag ’n Sondagskoolklas vir dertig seuns en dogters gehou.

So groot was my liefde vir Jesus dat ek vir ander moes vertel van sy liefde. Een van diegene wat ek na die Here gelei het, was die seun wat my ma valslik beskuldig het dat hy my fietsgeld gesteel het. Ek het hom om verskoning gevra en hy het Jesus as sy Verlosser aangeneem. Hy dien tot vandag toe nog steeds die Here.

Toe ek my vriende by die skool van die Here vertel, het baie my geterg en ***Kirisuto*** (Christus) genoem. Hulle het vir my gelag as ek voor ete gebid en my Bybel by die skool gelees het, maar hulle kon my nie stilmaak nie. Die Here het vir my ’n diep begeerte gegee om by elke geleentheid van Hom te getuig.

Kiichi het later Bybelskool bygewoon en ’n evangelis geword. Huidig gaan hy voort om die evangelie te deel en bereik baie vir Christus.

Dr. Kiichi Ariga is ’n dierbare vriend van **Japansending** vir baie jare. Hy praat by party van ons evangeliese byeenkomste en ons ondersteun sy bediening vir die afgelope 50 jaar.

**Bid asseblief** dat die Here dr. Ariga sal seën en versterk, aangesien hy nog steeds een stryk deur aangaan en ’n besige skedule van byeenkomste en lesings hanteer op die ouderdom van 84!

*Lees in die volgende uitgawe hoe die Here dr. Ariga magtig gebruik om baie te bring na die kruis van Golgota.*

**(Bydraer: Kiichi Ariga)**

## SPESIALE DANKBETUIGINGS

Ons wil graag elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending gedurende 2017 ondersteun het. U het ’n belangrike rol gespeel om ons te help om die Here se werk te kon bevorder. Ons prys die Here vir veranderde lewens, die leiding van die Heilige Gees en sy getroue beskerming en voorsiening. Dankie vir die wyse waarop u ons vennoot was in die uitreiking na baie vir Christus.

## GEBEDSVERSOEKE



■ Kersfees is ’n spesiale tyd van die jaar wanneer Japannese mense geïnteresseerd raak in die Christendom. Japansendingwerkers raak dan baie besig, neem deel aan evangeliese byeenkomste, konserte en partytjies. Werkers sal betrokke wees by oor die 100 byeenkomste om kerke te help om diegene in die plaaslike gemeenskappe te bereik wat begeer om meer te leer oor die betekenis van Kersfees. **Bid** vir wysheid en sterkte en dat die Here baie se harte sal verander deur hierdie uitreikgeleenthede.

■ Japansending het onlangs ’n tweedaagse Engelse kamp gehou in die berge. Baie het vir die eerste keer van die evangelie gehoor toe ’n evangelis die woord verkondig en vriendskappe ontwikkel het. **Bid** vir die saad wat gesaai is in die harte van hulle wat nog nooit kerk bygewoon het nie.

## JAPANORAMA
### - ONDERWATER TEMPEL

Die Hasama Onderwaterpark wat twee uur vanaf Tokio geleë is, is ’n perfekte duikplek waar ’n mens saam met die sonvisse kan swem.

Duikers kan ook die seealtaar op die Hasamabodem besoek. Hierdie buitengewone altaar, opgedra aan die goeie geluk van die duikers, is 18 meter (60 voet) onder die water. Dit word druk besoek gedurende Nuwejaar deur baie duikers wat in die yskoue water duik om te bid tot die gode vir veiligheid en seëninge.

Op Nuwejaar besoek ongeveer 80 miljoen die tempels en altare om te bid vir goeie geluk en beskerming. Dit is hartseer om omring te wees deur soveel misplaaste hoop en leegheid.

Dit is wonderlik om te weet dat ons bron van hoop vir die nuwe jaar kom van ons kosbare Redder, by wie enigiets moontlik is – te midde van die gekwelde wêreld waarin ons leef.

***‘Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting!’*** (Jer. 29:11)

Laat ons juig in die hoop wat ons het in ons kosbare Verlosser!

■ ***Mag HY vir u seën tydens hierdie Christusfees en vir u bewaar en gebruik in Sy diens gedurende die onbekende Nuwe Jaar. As ’n blyk van opregte waardering stuur ons graag aan u ’n kalender vir 2018.***

***Indien daar enige verandering moet aangebring word in u adres op die koevert waarin u die brief ontvang het, sal ons dit baie waardeer as u ons asseblief laat weet.***